



higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

T100(A)(A15)T

NATIONALE SERTIFIKAAT

BOUADMINISTRASIE N5

(4090045)

15 April 2019 (X-vraestel)

09:00–12:00

Hierdie vraestel bestaan uit 6 bladsye.

DEPARTMENT VAN HOËR ONDERWYS EN OPLEIDING
REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA
NASIONALE SERTIFIKAAT
BOUADMINISTRASIE N5
TYD: 3 UUR
PUNTE: 100

INSTRUKSIES EN INLIGTING


1. Beantwoord AL die vrae.
 2. Lees AL die vrae aandagtig deur.
 3. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik word.
 4. Skryf netjies en leesbaar.
-

VRAAG 1

1.1 Noem DRIE soorte kragtoevoer wat gebruik word om 'n meganiese aanleg aan te dryf.

(3)

1.2

**FIGUUR 1**

FIGUUR 1 toon 'n dig beboude ('congested') terrein met 3 eiendomme daarop. Jy word versoek om 'n struktuur van drie verdiepings op te rig.

Sê hoe jy die volgende sou hanteer:

- 1.2.1 Materiaal wat na die derde verdieping geneem moet word
- 1.2.2 Beskerming van mense wat aan die sykant van die straat loop
- 1.2.3 Die beweging van konstruksievoertuie by die bousterrein in en uit (toegang)
- 1.2.4 Die verkeer in die straat (publiek)
- 1.2.5 Die berging van materiaal


(5 × 1) (5)

1.3 Benoem die aanleg of toerusting wat hier onder getoon word. Skryf slegs die antwoord langs die vraagnommer (1.3.1–1.3.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

(10)



1.3.1



1.3.6



1.3.2



1.3.7



1.3.3



1.3.8



1.3.4



1.3.9



1.3.5



1.3.10



[18]

VRAAG 2

- 2.1 Noem die SES stappe wat gevolg moet word, in volgorde, om tot doeltreffende programmering te lei. (6)
- 2.2 Gee DRIE finansiële implikasies wat jy in ag moet neem voor jy 'n projek begin. (3)
- 2.3 Noem die DRIE stadiums van produkbeplanning. (3)
- 2.4 Verduidelik die term *tenderwaardasie* ('*tender appreciation*'). Gee TWEE voorbeelde van wat dit moet insluit. (3)
- 2.5 Hoe word werkvordering op 'n bouterrein gemeet? (1)
- 2.6 Gee VIER redes vir afwykings van die oorspronklike plan. (4)
- 2.7 Bereken die getal weke wat 'n masjien, wat in staat is om 20 m³/h uit te graawe, sal neem om 'n taak van 2 850 m³ te voltooi. Werk op 'n 8-uurdag en 'n 6-dagweek. (2)
- [22]**

VRAAG 3

- 3.1 Gee VIER take van 'n hoofkontraakteur wat betref die subkontraakteur. (4)
- 3.2 Waarom word heiwerk ('piling') as 'n aparte klousule ('clause') in 'n kontrak genoem? (1)
- [5]**

VRAAG 4


- 4.1 Noem DRIE basiese reëls wat jy sal volg om 'n projek gladweg en doeltreffend te laat verloop indien jy in beheer is van die aankopeafdeling van 'n firma en jy materiaal moet bestel en aankoop. (3)
- 4.2 Wat moet jy doen wanneer jy materiaal ontvang wat op die terrein afgelewer word en sommige van die produkte is beskadig? (1)
- 4.3 Gee VYF metodes wat toegepas kan word om verlies, diefstal en beskadiging aan materiaal op die terrein te beheer. (5)
- [9]**

VRAAG 5

- 5.1 Gee die prosedure en SES hoofiteme wat gewoonlik by 'n terreinvergadering bespreek word. (6)
- 5.2 Noem VYF eienskappe van 'n goeie terreinbestuurder. (5)
- 5.3 Noem DRIE behoeftes wat in menslike gedrag geïdentifiseer kan word. (3)
- 5.4 Definieer die volgende terme:
- 5.4.1 Praktiese voltooiing
- 5.4.2 Finale voltooiing
- 5.4.3 Voorlopige bedrae
- 5.4.4 Variasieopdrag
- 5.4.5 Sigbaregebrek-aanspreeklikheidsperiode ('Patent defects liability period')
- 5.4.6 Arbitrasie
- (6 × 2) (12)
[26]

VRAAG 6

- 6.1 Noem DRIE faktore wat jy in ag moet neem wanneer jy werk aan 'n persoon deleger. (3)
- 6.2 Watter faktore sal dui op doeltreffende terreinadministrasie? (3)
- 6.3 Skryf die verskille tussen *termynbeplanning* en *fasebeplanning* neer. (2)
[8]

VRAAG 7**FIGUUR 2**

Die profiel in FIGUUR 2 toon die dwarsnit van 'n pad wat 2,7 m wyd is. Die lengte van die pad is 15 m.

Gebruik die middelordinaatmetode en bereken die volume van die grond wat verwyder moet word nadat die opvulling voltooi is. Alle waardes moet tot 2 desimale plekke afgerond word.

[12]

TOTAAL: 100